

15 *Donderdag***SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 15:17-29****FOKUSGEDEELTE: 1SAMUEL 15:22, 23****Saul – Die doodloopstraat van weerspanning en eiewilligheid ... en die Enigste Ontvlugting daarvan**

Die Here het Saul (hy wat afgebid is) opdrag gegee om alles en almal in Amalek in 'n oorlog om die lewe te bring. Hierdie opdrag was die Here se oordeel oor Amalek (Eks. 17:16.) Saul het koning Agag en die beste kleinvee en beeste uitgehou om te offer. Samuel het Saul tereg-gewys dat die Here gehoorsaamheid ver bo offers ag.

Saul se weerspanning en eiesinnigheid het van ongehoorsaamheid aan die Here se Woord getuig. Ten diepste is ongehoorsaamheid liefdeloosheid (1 Joh. 5:3.) Saul se liefdeloosheid teenoor die Here het hom in 'n doodloopstraat laat beland. Die Here het Saul verwerp en die koningskap van hom af weggeneem.

Met hierdie openbaringsgeskiedenis bring die Here elke gelowige by selfondersoek: Het ek God lief? Wys ek my liefde vir Hom deur Hom te gehoorsaam soos Hy van my vra? Wie eerlik met hierdie selfondersoek voor God staan, sal besef dat die doodloopstraat van weerspanning teen God en eiewillige godsdienis in elkeen se lewe dreig. Dikwels beperk ons byvoorbeeld ons gehoorsaamheid aan God net tot die erediens en ons dankoffer, asof God nie baie meer van elkeen van ons vra nie!

Daar is net een manier hoe ons van hierdie doodsdreiging verlos kan word, en dit is deur Jesus Christus! God se Seun het sy Vader ten koste van sy eie lewe gehoorsaam. Jesus se volmaakte gehoorsaamheid het Hom by die kruis gebring. Aan die kruis het Hy ons van die sonde van weerspanning en eiewilligheid verlos. Hy het ons deur sy opstanding nuut gemaak.

Ek het ook die Heilige Gees ontvang om my te lei om elke dag uit liefde vir God met weerspanning en eiewilligheid te breek en alleen na sy se wil te vra. Deur die Gees leef ek 'n lewe van bekering, waar my wil al minder word en God se wil al meer. Deur die Gees volhard ek om God se wil met oorgawe uit te leef in die verwagting dat my lewe volgens sy wil op die ewige hemelse lewe by Hom sal uitloop.

*Sing: Psalm 86:1, 3, 6 (1936)**Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)*